Hoërskool Swartland

Hoërskool Swartland

Beurstoekenningsbeleid

Opgestel deur Beheerliggaam

P Bester
Voorsitter

AJ Schoonraad
Skoolhoof

Datum: 07|09|2018

BEURSTOEKENNINGSBELEID

Omskrywing:

'n Hoërskool Swartland beurs kan bestaan uit 'n fisiese finansiële bydrae aan 'n leerder of andersyds 'n ***vrystelling van skoolfonds en /of koshuisgelde wat dan uit die beursfonds aan die finansiële kantoor gemaak word***. Eersgenoemde is 'n beursfonds wat geskep is, hetsy deur donasies of fondsinsamelings, vir die uitsluitlike doel om toppresteerders van HSS se voedingsgebied 'n geleentheid te bied om hul spesiale talente in sport, akademie of kultuur by Hoërskool Swartland verder te ontwikkel.

Doelwit:

Die beleid moet as kriteria dien waarop beurse op 'n objektiewe en deursigtige basis aan huidige of voornemende leerders van Hoërskool Swartland toegeken word. Beurstoekennings het die doel om kwaliteitleerders na die skool toe te trek sodat hierdie leerders 'n groot bydrae kan lewer aan die bou en handhawing van 'n goeie reputasie en beeld van Hoërskool Swartland.

1. 'n Beurs kan slegs toegeken word indien die nodige fondse beskikbaar is, hetsy in die bedryfsbegroting of ander fondse wat spesifiek daarvoor voorsiening maak.

2. Beursaansoeke moet deur 'n verkose komitee aanbeveel word en daarna na die beheerliggaam vir finale goedkeuring verwys word.

3. Die komitee bestaan uit 'n minimum van drie lede: Die Skoolhoof en twee aangewysde lede van die beheerliggaam. (Indien dit vrystelling van skoolgelde is, een van die Finansiële komitee en wanneer daar fondse uit die beursfonds betaal moet word, die Voorsitter van Beeld en Bemarking).

4. Beursaansoekers se aansoeke sal slegs oorweeg word indien hy/sy aan die daargestelde kriteria voldoen.

5. Beurse word slegs vir een akademiese jaar toegeken. 'n Leerder wat weer vir die volgende jaar vir 'n beurs in aanmerking wil kom, moet weer daarvoor aansoek doen. Die feit dat hy/sy kwalifiseer, beteken nie dat die persoon die reg het op 'n beurs nie. Die nuwe aansoek moet weer deur die komitee heroorweeg word.

6. Beurse word nie aan leerders vir 'n enkele vaardigheid toegeken nie, m.a.w 'n sportpresteerder moet ook minstens gemiddeld tot bogemiddeld in akademie presteer. Die leerder moet op verskillende vlakke 'n bydrae kan lewer, daarom sal hierdie leerders deurlopend ten opsigte van sport, akademie, kultuur en gedrag evalueer word. Indien 'n leerder nie deurlopend aan daargestelde kriteria voldoen nie, sal hy/sy nie die volgende jaar weer 'n beurs ontvang nie.

7. 'n Beurskontrak moet skriftelik met die leerder en sy/haar ouers/voogde aangegaan word sodat geen misverstand ten opsigte van beursverpligting bestaan nie.

8. Beursaansoeke moet skriftelik, op die amptelike aansoekvorm, gedoen word.

9. Die leerderbeurse het nie ten doel om leerders wie se ouers finansieel sukkel, te help nie. Beurse word toegestaan aan leerders wat die vermoëns en/of potensiaal het om op sekere gebiede te presteer en daardeur Hoërskool Swartland se beeld positief te bevorder.

Kriteria vir toekenning:

Sport:

Uitmuntende sportprestasie is ter sprake as 'n leerder in 'n eerste sportspan van HSS speel of provinsiale/nasionale kleure in enige sportsoort verwerf het.
'n Leerder kan in aanmerking kom vir 'n beurs vir uitmuntende sportprestasie gelewer EN gemiddeld tot bogemiddeld akademies presteer (50% +) EN goeie gedrag en lojaliteit teenoor die skool openbaar.

Akademie:

Uitmuntende akademiese prestasie is ter sprake as 'n leerder 'n minimum gemiddelde persentasie van 80% tydens elke toets- en eksamengeleentheid volhou.
'n Leerder met uitmuntende akademiese prestasies en wat goeie gedrag sowel as lojaliteit teenoor die skool openbaar kan in aanmerking vir 'n beurs kom.

Losies:

Losiesbeurse word toegeken aan leerders wat uitmuntende akademiese- of sportprestasies gelewer het EN wat goeie gedrag en lojaliteit teenoor die koshuis openbaar.

As verdere onderskeidende aanbevelings ten opsigte van die bogenoemde beurse geld leierskap, veelsydigheid en waardetoevoeging tot die algemene welwese van Hoërskool Swartland.

Aansoekprosedure:

1. Toekenning van beurse vir die nuwe akademiese jaar kan slegs geskied wanneer die nuwe jaar se begroting reeds deur die beheerliggaam en die ouerkorps van die skool goedgekeur is.
2. Aansoeke vir die nuwe akademiese jaar moet voor 30 November van die voorafgaande jaar op die voorgeskrewe vorm ingedien word.
3. 'n Volledige akademiese verslag of skriftelike bewyse van uitmuntende sportprestasies (byvoorbeeld sertifikate) moet die aansoek vergesel.
4. Die aansoek moet self deur die ouer/voog van die leerder ingedien word en geen onderwyser/afrigter mag die aansoek namens die leerder indien nie.

Toekenningsprosedures:

1. Die beheerliggaam stel elke jaar 'n Ad hoc-beurskomitee saam wat minstens die volgende lede insluit: Voorsitter van Beeld en bemarking; Lid van Finansiële komitee en skoolhoof. Verdere lede van die beheerliggaam mag na goeddunke ingesluit word. Indien kinders van enige bogenoemde lede by aansoeke ter sprake kom, moet sodanige lid uit die beurskomitee onttrek.

2. Aansoeke wat nie aan die minimum kriteria van uitmuntende prestasie en goeie gedrag/lojaliteit voldoen nie, word gediskwalifiseer.

3. Oorblywende aansoeke word in 'n prioriteitsvolgorde geplaas.

4. Na aanleiding van beskikbaarheid van fondse, word beursbedrae dan aan suksesvolle aansoekers toegeken.

5. Die Beurskomitee doen 'n aanbeveling aan die beheerliggaam by sy eersvolgende vergadering ten einde goedkeuring te kry. Die besluit van die beheerliggaam word as finaal beskou en geen verdere dispute sal aangehoor en hanteer word nie.

6. Alle aansoekers (suksesvol óf onsuksesvol) word daarna per brief oor die uitkoms van die proses ingelig.

7. Die kwytskelding van gelde of uitbetaling van gelde, word verder deur die Finansiële kantoor van die skool hanteer.

LET WEL: Geen beurs sal toegeken word as die korrekte prosedures nie gevolg word nie. Geen beloftes ten opsigte van beurse mag aan ouers/leerders deur afrigters/onderwysers gemaak word nie. Beurse is eers geldig wanneer dit deur die beheerliggaam van Hoërskool Swartland goedgekeur is en die ouer 'n amptelike brief van goedkeuring ontvang het.

Hoërskool Swartland

Tel: 022 482 1469 *Faks*: 022 482 1177 *Posadres*: Posbus 253, Malmesbury, 7299
Skoolhoof: AJ Schoonraad *e-pos*: admin@swartlandhs.co.za *Web*: www.swartlandhs.co.za

TOEKENNING VAN BEMARKINGSBEURSE VIR HOËRSKOOL SWARTLAND

Beursgeld word vir 'n periode van een akademiese jaar toegeken en indien 'n leerder vir 'n volgende jaar weer vir 'n beurs in aanmerking wil kom, moet hy/sy weer daarvoor aansoek doen, gegewe die voorwaardes en vereistes van Hoërskool Swartland se beurstoekenningsbeleid.

Leerder se naam:			
Leerder se graad:			
Huidige skool van bywoning:			
Jaar waarvoor aansoek gedoen en gekwalifiseer word:			
Tipe beurs	Sport:	Akademie:	Ander: .....
Ouer/ voog se naam en adres:			
Ouer/ voog se beroep:			

Motivering:

.....

.....

Ouer se handtekening: .....

Datum: .....

VIR KANTOORGEBRUIK:

Aanbeveel:

....

VOORSITTER: Beeld en Bemarking VOORSITTER: Finansies SKOOLHOOF

Beleidswysigings

Die skoolbeheerliggaam kan hierdie beleid van tyd tot tyd wysig, aanvul, verander of aanpas en is ook van toepassing op sosiale media.

GETEKEN TE Hoërskool Swartland OP HIERDIE 7e DAG VAN September 2018.

Beheerliggaamvoorsitter

Skoolhoof